Woensdag 3 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20; Handelinge 1:1-8

Fokusgedeelte: Handelinge 1:8 (AFR53/83/2020)

Christus het apostels gestuur om sy kerk te vestig – uit genade

Na sy opstanding het Jesus aan Petrus opdrag gegee het om sy lammers te laat wei en sy skape op te pas (Joh. 21:15-17). Dié opdrag het daarop neergekom dat hy die kudde van die Here, sy kerk, deur die prediking moes versamel. Direk voor sy hemelvaart het Jesus die opdrag herhaal, hierdie keer aan die 11 dissipels saam. *"Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies ..."* (Matt. 28:19). *"Julle sal my getuies wees in Jerusalem en die hele Judea en Samaria tot aan die uiterste van die aarde"* (Hand. 1:8). Met hierdie woorde het Jesus sy dissipels in werklikheid as sy apostels aangestel. Apostels beteken "uitgestuurdes".

Hy het hulle die wêreld ingestuur om van Hom te getuig, om die evangelie te preek. Juis deur die prediking van die evangelie versamel Christus sy kerk. Dat dit juis op hierdie manier moet gebeur, getuig van sy genade. Want om die kerk van die Here te versamel, is 'n geweldige saak. Mensewoorde op sigself kan dit nooit regkry nie. Die evangelie is egter meer as net mensewoorde. Dit is die woorde wat die Here aan sy apostels gee, waarmee hulle moet getuig – sý Woord. En dit word gedra deur sý krag – die krag van die Heilige Gees. Daarom sê Jesus vir sy apostels: *"Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom."*

Deur die prediking vestig Christus sy kerk op 'n vaste fondament, die fondament van die evangelie. Deur die eeue tot vandag toe. Daarom moet predikers die kerk nie met allerhande mooipraatjies aan die gang probeer hou nie, maar die gemeente as kudde van die Here laat wei op die weiveld van die Woord. Die Here se Woord is immers die vaste kos waarmee Hy sy kerk voed en laat groei. Deur die hoor van die evangelie word ons geloof gegrond op Jesus Christus as vaste fondament. So moet die herders preek; so moet die kudde luister. Want dit is die genade van die Here in aksie, deur die krag van die Heilige Gees.

*Sing: Psalm 95-1:4*

*Prof. GJC (Jorrie) Jordaan (Emeritus)*